

STINKBESIE - LEKKERNY

Elize Visagie


Stinkbesies, so genoem weens hulle onwelriekendheid, behoort tot die orde Hemiptera, een van die grootstes in die insekteryk. Daar bestaan egter groot verwarring rondom die benaming "stinkbesies", aangesien 'n groot verskeidenheid van ander insekte ook 'n onaangename reuk afskei. Dus, as gevolg van 'n groot dorsale skutellum (kitienplaat) en 'n afgeplatte liggaamsvorm, word die benaming "skildbesie" (shield-bug) eerder verkies.

Alhoewel dit moeilik is om te glo, word 'n sekere soort stinkbesie as 'n lekkerny beskou deur die swart Mapulana stam in Oos-Transvaal asook deur sekere swart stamme in Zimbabwe. Hierdie insek, bekend as *Eucosternum delegorguei*, behoort tot die familie Pentatomidae en is 'n groenkleurige besie, 24-27 mm lank en 13-15 mm breed. Hulle is sterk vlieërs en in swarms kan 'n mens van ver die dreuning van hul vlerke hoor. Die volwassenes kom op verskeie bome en struie voor, maar is veral in die wintermaande op doringbome (*Acacia* spesies) volop.

Onder die Mapulana stam is hierdie besies as **thsonōnō** (meervoud **dithsonōnō**) bekend wat letterlik "hy maak stink, hy is vet" beteken. In die versamelseisoen is hul liggaampies vol vet en teen sonder of soggens vroeg, veral op stil bewolkte dae, word dié lekkerny versamel. Daar word selfs op Staatsgronde oortree om dit in die hande te kry en in die proses van versameling word die bome soms so beskadig dat hulle deur die Departement Bosbou vervolg word.

Die insekte word gaar of rou geëet. Die kop word eers teen 'n skurwe klip of boomstam vergruis waarna die lyf tussen die vingers van agter na voor gedruk word om van die sogenaamde 'gif', wat veronderstel is om deur die nek te vloei, ontslae te raak. Dit blyk nie moontlik te wees om van die stinkkliersekresie op hierdie manier ontslae te raak nie. Die vermoede bestaan dat dit eerder bloed en spysverteringstowwe is wat uitgedruk word. Somtyds word die besie onder 'n klip, onder ongeveer 50 mm water gedruk om die 'gif' te verdun wat dan soos olie op die water dryf.

Hierdie olierigheid is eerder te wyte aan die groot hoeveelheid vetweefsel. Sommiges verkies eerder om die insek oor 'n oop vuur te braai en te laat droog word en dan saam met ander voedsel te eet. **Dithsonōnō** is vir dié mense 'n groter gunstelingdis as sprinkane, termiete of skoelapperlarwes. Die entomoloog J.C. Faure meld dat indien hy nie ooggetuie van hierdie maaltyd was nie, hy nooit sou kon glo nie dat mens so 'n onaangename insek kan eet.



(from: Records of the South Australian Museum 17(29), 1978).

'n Ander groot "stinkbesie", *Aspongopus nepalensis*, word deur die inwoners van Assam (Indië) as 'n spesery gebruik om rys mee te geur.

Die sogenaamde stinkkliere by stinkbesies is spesiale kliere wat gifgas uitskei en wat deur die besie vir verdediging gebruik word. Hulle openinge is by die nimfe (onvolwassenes) geleë op drie of vier knoppies op die dorsale deel van die agterlyf. By volwassenes, waar die agterlyf deur vlerke bedek word, is die kliere in die bors (thoraks) geleë met openinge (osteole) aan die sykante net voor die agterpote. Die stinkkliersekresie word met 'n sterk spuitaksie tot 300 mm ver uitgespuit. Dit brand die vel en oë en kan volgens oorlewing tydelike blindheid by die

mens veroorsaak. Die stinkklier produseer 'n vlugtige mengsel wat tot 18 chemiese stowwe kan bevat en wat by inaseming deur voornemende predatore die senuweestelsel kan verlam. Dit neem etlike dae vir die sekresie om weer in die klier te vorm.



BIBLIOGRAFIE

- FAURE J.C. 1944 Pentatomid bugs as human food *Journal of the Entomological Society of Southern Africa* 7: 110-112
 HOLM E. & DE VILLIERS W.M. 1983 *Ons eie Insekte* Nasionale Boekdrukkery Goodwood

SPECIAL "LIVE EXHIBIT" OF FOSSIL PREPARATION

Many people who visit museums have seen bones and skeletons of dinosaurs and other weird prehistoric creatures on display, but very few are aware of the tremendous amount of technical work which has to be undertaken before a fossil bone is "fit to be displayed".

In most cases the presence of a fossilized skull or skeleton in a rocky outcrop in the field is recognisable only to someone who is an experienced fossil collector. Although there are exceptions, a fossil is usually only exposed as a few small bones protruding from a rock. Such fossil-bearing rocks are then taken back to a palaeontological laboratory where the bones are carefully and painstakingly removed from the rock by skilled palaeontological technicians with the aid of fine air-driven engravers and dental drills. This laborious process is extremely slow and a single skull may take several months to prepare.

In January visitors to the National Museum were given a "behind the scenes" look at how fossils are removed from the rock. Rocks with pieces of bone protruding from them as they were found in the field were on display, as well as fully prepared skeletons and skulls of the National Museum's most prized and valuable fossils. As this 'working' exhibit was a great success and served to attract numerous visitors, similar exhibits are planned at the National Museum during the school holidays later this year.



Mrs Zubi Gregorowski and Mr Christian Nyaphuli demonstrating how the rock is carefully chipped from an ancient dinosaur bone.

(photo: Die Volksblad)